## 30 Maart - ERFDELE

**Skrifgedeelte: Romeine 5:14b-19**
**Fokusgedeelte: Romeine 5:17**

Om van jou ouers en voorgeslag te erf, is so oud soos die mensheid. In Israel is die erfreg gereël na God se ordening (Deut 21:17).

Ons erf almal hier op aarde. Soms iets negatief, soos 'n bankrot boedel of afskeepopvoeding. Meestal erf ons positief en wonderlik. Ouers laat vir die kinders 'n geldjie na, en baie belangriker, 'n deeglike opvoeding. So 'n erfdeel sluit in: godsdienstige, akademiese, sosiale en emosionele vorming. Daaroor is ons baie dankbaar en dra dit na die volgende geslag oor.

Tog is ons grootste erfdele van Adam en Christus afkomstig. Paulus verduidelik dit baie mooi in ons Skrifgedeelte. Toe Adam (en Eva) gesondig het (Gen 3), het hulle die oordeel van God nie net oor hulleself nie, maar oor alle mense en die totale skepping gebring (Rom 5:16b).

Dis 'n baie slegte erfdeel – 'n harde, verdoemde wêreld met dorings en distels; droogte en oorstromings; peste en siekte; ja, die dood self. Daarom word ons gebore en groei ons op in 'n gebroke wêreld vol pyn en hartseer.

Maar Goddank, daar is ook 'n ander erfenis wat ons in besit kan neem as ons dit sien en begeer. Dis die erfenis wat Christus aan ons bied (Rom 5:16 en 17). Dis 'n kragtige erfdeel wat my triomfantelik, genadevol deur hierdie lewe dra, in Christus, deur die Gees. Dis 'n erfdeel van vryspraak, versoening en ewige lewe op 'n nuwe aarde. Ook my erfskuld in Adam en eie toegevoegde sondes word opgeskeur.

Daar is net een voorwaarde: ek moet Christus as my Bemaker aanvaar en liefhê. Ek moet deur die heilige Gees rein en dankbaar lewe, tot eer van die Vader.

*Sing: Skrifberyming 18-6:1 en 5* — *Dr NP Heystek (Emeritus)*